

‘Halfuur se huiswerk genoeg vir pikkies’

Carryn-Ann Nel

’n Halfuur se huiswerk is al wat nodig is as jou kind in die grondslagfase is. Die res van die tyd moet speelyd wees.

Kinders van gr. R tot gr. 3 konsentreer in elk geval nog nie lank nie en moet nog speel en om dít wat hulle in die klaskamer geleer het spontaan te gebruik, sê prof. Elizabeth Henning van die Sentrum vir Onderwyspraktyk aan die Universiteit van Johannesburg (UJ).

Huiswerk is nie ’n straf vir kinders nie en as jou kind sukkel, moet jy weet iets is nie reg nie.

Henning beskryf huiswerk as een van die “onregverdigste” praktyke wat bestaan.

“Daar is ’n ongelyke bedeling. Daar is kinders wat huiswerk onder toesig doen en dan is daar kinders wat huiswerk sonder enige toesig doen. Uiteindelik kry daardie kinders dieselfde kurrikulum en word oor dieselfde kam geskeer.”

Sy meen huiswerk moet versigtig uitgedeel word en dat kinders hul huiswerk self moet kies. Kinders moet ook nie presies dieselfde huiswerk kry nie omdat hulle nie op dieselfde vlak is nie.

“Die ideaal sal wees dat kinders opsies gegee word oor wat-



Wat sê jy?

Stuur ’n SMS na 45571

ter huiswerk hulle moet doen. As die kind self kies, sal dit nie soos ’n las of ’n opdrag voel nie.”

Die doel van huiswerk is om belangstelling te versterk, motivering aan te wakker en om kinders te leer om selfmotivering toe te pas.

Prof. Lara Ragpot, Henning se kollega by die UJ, beaam dat kinders in die grondslagfase genoeg tyd vir huiswerk én speel moet hê. Te veel werk agter ’n lessenaar vir ’n kind jonger as sewe is nie goed nie, sê Ragpot.

Die ideale tyd vir huiswerk is ná etenstyd en ’n halfuur ná skool.

“Om saans huiswerk te doen is nie ideaal nie. Wanneer ouers huiswerk met hul kinders doen, moet hulle aandag geheel en al by die kind wees.

“Dit is ook nie bevorderlik vir kinders se leervermoë as hulle op hul eie huiswerk doen nie. Hulle kan dit dalk verkeerd doen en verkeerde vaardighede, en metodes aanleer.”

Kinders kan ook maklik gedemotiveerd raak as hulle te veel huiswerk kry, sê Ragpot.

“Huiswerk moet kinders inspireer en motiveer. Dit moenie misbruik word nie.”